

Donderdag 2 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:2

Die orkes in die hemel

En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siferspelers wat speel op hulle sifers (Op. 14:2, 1953-vertaling).

Daar is iets opvallends in hierdie teksvers: Johannes is nie in die hemel nie, want hy hoor die geweldige koorsang *uit die hemel* na hom toe aankom! Hy staan dus op die aarde toe die openbaring aan die gang was! Die krag van die klank van hierdie koor is geweldig, want hy beskryf dit met twee beelde: Baie waters (wat soos 'n waterval oor 'n reuse afgrond stort). Vergelyk hiervoor Openbaring 1:15: ... *en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.* Terselfdertyd was die klank so geweldig soos 'n harde donderslag wat dreun en aanhou rammel! Vergelyk hiervoor Openbaring 6:1: *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!* Die sang was dus soos golwe wat breek en soos donderweer – met ander woorde dit was majestueus, indrukwekkend, Godsverheerlikend! Die beeld wil sê dat dit absoluut oorweldigende koorsang was! Dit was so geweldig dat dit uit die hemel tot op die aarde gehoor kon word.

Hoe groot is die koor? Daar is baie sangers – 144 000 (simbolies bereken!). Hulle almal sing uit volle bors en met volle krag. Hulle het 'n orkes wat hulle begelei! Daar is siferspelers. Daar moes baie siferspelers gewees het om hulle hoorbaar te maak bo al die miljoene mense se stemme uit! Hierdie orkes en koor is 'n beskrywing van my en jou en wat ons op die nuwe aarde gaan doen!

Sing: Psalm 33-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)